Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Vryheid

## Galasiërs 5:13

*Vryheid is wonderlik. Daarsonder is die kans op 'n sinvolle lewe maar skraal. Ons as Christene word vrygespreek deur in Jesus Christus te glo (vers 5). Jesus is gekruisig sodat ons vrygespreek kan wees van sonde en van ons eie selfsug.*

*Maar vryheid sonder verantwoordelikheid is onbegrens en kan maklik misbruik word. Ons vryheid is duur gekoop, en daarom vra dit ook van ons iets. Dit vra verantwoordelikheid – die verantwoordelikheid om ons deur God die Heilige Gees te laat lei, want wat "ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer." Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie (vers 17-18).*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

***Definisie:***

*Om verlos te wees van jouself sodat jy ander kan liefhê en dien.*

***Alternatiewe definisie:***

*Die voorreg om verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n lewe deur die Heilige Gees.*

(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Leefkuns

# Vryheid

*Lees Galasiërs 5:13-26*

*Wat is ons ongesonde begeertes volgens v16?*

*Wat beteken dit regtig vir ons?*

*Dink aan 'n paar voorbeelde van v17 in die regte lewe? Noem 'n paar begeertes van die vlees wat nie met die begeertes van die Gees versoenbaar is nie?*

*As Paulus sê dat ons volmaak moet wees, beteken dit dat ons nooit mag sondig nie?*

*Die voorbeeld van 'vrugte' word gereeld in die Bybel gebruik. Wat is 'n duideliker manier om die betekenis daarvan te verduidelik in hierdie konteks?*

*Wat is die eerste praktiese stap wat ek en jy as Christen moet neem om die begeertes van die vlees te oorkom?*